



**Vakansie-
program in
'n boks !**

Wat jy gaan benodig:

GRAAD 4-6

BAK-EN-BROU

- Gemmerkoek manne
(of by tuisbaksters of Fournos)
- 'n Sakkie met 'n paar eetlepels versiersuiker.
- 'n Aparte sakkie met lekkergoed. Ek dink Jelly tots, mini m&m's of smarties sal goed werk.

WOORDSPELETJIE

- **Uitdeeltuk 1:** A4 bladsy met woorde.
- 'Permanent marker'
- Blokkie material
- Skuifspeld

BAK 'N BROOD

- 1 x potbrood mengsel
- 1x druiwe sappies
- Twee balonne

VET EN MAER KOEI

- **Uitdeeltuk 2:** maak 'n maer en vet koei.
- 1 Skryfbehoeftte 'Split pin'
- bostik gom

OOP ARMS

- **Uitdeeltuk 3:** Oop arms
- Bostik
- 1x wit A4 papier

DAG 1 – GRAAD 4-6

TEMA: RESPEK (GENESIS 37:18-26)

HANDWERK/CRAFT VIR DIE DAG: BAK-EN-BROU

Wat jy gaan benodig:

- 1 x Gemmerkoek Josef-mannetjie
- 1 x sakkie versiersuiker
- 1 x sakkie lekkers

Maak bymekaar in die huis:

- Bordjie om jou gemmerkoek mannetjie op te versier
- 'n Bakkie, lepel en 'n klein, klein bietjie water
- Lappie vir daardie taai vingers

Wat gaan ons maak?

1. Gooi die versiersuiker in 'n bakkie en voeg 'n klein bietjie water by die versiersuiker en meng dit goed. Die aangemaakte versiersuiker moet lekker dik wees.*
2. Gee vir die Gemmerkoek Josef-mannetjie 'n veelkleurige jas deur die lekkergoed met die versiersuiker op die mannetjie te plak.
3. Deel die gemmerkoek Josef-mannetjie met iemand en vertel vir hulle wat jy vandag oor respek geleer het.

*Jy kan die versiersuiker met grondboontjie-botter of Nutella vervang.

Dag 1 Speletjie: *RESPEK*

Wat benodig julle?

Kouse opgerol, of waslappies

Hoe werk dit?

Plaas kouse of waslappies op verskillende plekke in 'n vertrek of buite in die erf. Speel musiek en laat die deelnemers beweeg in 'n sirkel. Wanneer die musiek stop moet elkeen hardloop vir 1 kous of waslap. As jy een gekry het is jy veilig.

Die persoon wat die musiek speel vat elke keer 1 kous of waslap weg. So val daar elke keer een weg tot net 1 persoon oorbly. Die een wat wen, is die volgende een wat die musiek speel en die kouse/waslap op 'n plek gaan plaas.

As iemand klaar 'n kous of waslap gevat het, mag ek dit nie by hulle gryp nie. Ons respekteer mekaar ook in die manier hoe ons saam speel.

DAG 2 – GRAAD 4-6
TEMA: LOJALITEIT (GENESIS 39:6-18)

HANDWERK/CRAFT VIR DIE DAG: WOORDSPELETJIE

Wat jy gaan benodig:

Uitdeeltuk 1
Permanent Marker
Blokke Materiaal
Skuifspeld

Maak bymekaar in die huis:

- Inkleurkryt

Wat gaan ons maak?

Kyk hoeveel woorde kan jy raaksien in die uitdeeltuk. Jy kan dit teen tyd doen as jy wil.

Lees die woorde wat jy kry vanaand vir jou huismense en vra vir hulle of hulle aan een woord* kan dink wat al hierdie woorde opsom.

*Lojaliteit

Skryf aan die eenkant van die blokke materiaal met die permanent marker die woord 'lojaliteit' neer. Aan die anderkant van die materiaal skryf al die name van die mense en dinge waaraan jy lojaal is. Jy kan hierdie blokke materiaal soos 'n 'kenteken' of 'badge' met die skuifspeld op jou klere plak.

DAG 2 se speletjie: LOJALITEIT

(‘n Ander woord vir lojaliteit is *staatmaak*)

Wat benodig julle?

Iets waarmee iemand geblinddoek kan word.

Hoe werk dit?

Maak beurte wie geblinddoek word. Laat die persoon wat geblinddoek is iets in die vertrek soek. Die persone wat nie geblinddoek is nie moet die geblinddoekte persoon met woorde begelei om die item te vind en seker te maak die persoon loop nie in iets vas nie.

Ons kan ook op mekaar in ons huise staatmaak om ons te help. Dit is deel van wat dit beteken om lojaal aan mekaar te wees.

Kan jy vyf woord opspoor?

D	E	B	U	G	Z	P	I	Q	J
J	K	S	L	O	V	J	A	V	M
M	N	T	B	V	X	A	Q	R	H
H	N	A	O	I	O	R	W	I	Z
Z	S	A	C	V	N	D	E	E	L
G	E	T	R	O	U	F	E	N	N
H	N	M	A	X	F	E	G	D	L
L	O	A	W	E	Y	J	K	S	T
H	Y	A	O	J	F	D	X	K	B
B	N	K	K	L	P	T	V	A	P
N	U	D	W	Q	Z	B	M	P	L
D	B	E	H	O	O	R	T	V	E

DAG 3 – GRAAD 4-6

TEMA: DANKBAARHEID (GENESIS 40:23 EN GENESIS 41:9-13)

HANDWERK/CRAFT VIR DIE DAG: JOSEF, DIE BAKKER EN DIE SKINKER

Wat jy gaan benodig:

- 1 x Potbrood mengsel
- 2 x druiwe sappies

Maak bymekaar in die huis:

- Ander bestandele en benodighed vir die brood bak.
- Iets om op die brood te eet soos konfyt of kaas.

Wat gaan ons maak?

1. Maak saam 'n potbrood.
2. Hou saam piekniek met die potbrood en druiwe sap.
3. Terwyl julle die potbrood eet en die druiwe sap drink vertel vir mekaar van die skinker wat vergeet het om vir die farao te vertel van Josef. Die Skinker was baie dankbaar dat Josef sy droom vir hom uitgelê het, maar het dit nie aan Josef bewys nie. Vertel vir mekaar hoe kan ons ons dankbaarheid vir ander mense wys.

Dag 3 speletjie: *DANKBAARHEID*

Wat benodig julle?

2 ballonne in jou boks

Hoe werk dit?

Blaas die ballon of ballonne op. Probeer dit in die lug hou. Jy mag wel net die balloon slaan om in die lug te bly as jy iets kan noem waarvoor jy dankbaar is. Kyk hoe lank kan julle die ballon/ballonne in die lug hou sonder om iets te herhaal wat iemand al gesê het.

Ons moet mekaar herinner om uit dankbaarheid te leef en dinge te kan

DAG 4 – GR 4-6

TEMA: VERSTANDIGHEID (GENESIS 41:25-41)

HANDWERK/CRAFT VIR DIE DAG: VET EN MAER KOEI

Wat jy gaan benodig:

- 1 x Uitdeelstuk 2
- 1 x Skryfbehoeftes 'splitpin'
- 1 x buisie bostik gom

Maak bymekaar in die huis:

- Inkleurkryte
- Skêr
- Gaatjiepons

Wat gaan ons maak?

1. Sny die drie stukke van die koei op die uitdeelstuk versigtig uit.
2. Kleur die koei in.
3. Pons gaatjies op die twee kolle wat jy op die uitdeelstuk sal sien. Maak seker jy pons hulle op die regte plek.
4. Sit die stukkies met die koei se gesig bo-op die ander een, druk die *pin* deur die gaatjie en maak hom agter plat.
5. Met 'n klein bietjie gom plak die snoet van die koei bo op die *pin* se kop.
6. Gebruik jou vet en maer koei om vir jou huismense te vertel van die Farao se droom.

Dag 4 se speletjie: VERSTANDIGHEID

Wat benodig julle?


Kry 5 kosblikhouers

Een vrug, een groente, een lekker, een eier.

Hoe werk dit?

Plaas elke item onder die houer sonder dat die deelnemers dit kan sien. Een houer moet niks onder hê nie. Plaas die houers voor die deelnemers neer. Elkeen kry 'n kans om te raai wat onder die houer is. Die een wat reg raai kry dit wat onder die houer is.

Die besluite en keuses wat ons maak is belangrik. Soms maak ons in ons alledaagse lewe keuses sonder om mooi daarvoor te dink en is dit nie altyd met verstandigheid geneem nie.



GR 4-6 Uitdeelstuk 2

DAG 5 – GR 4-6

TEMA: SELFBEHEERSING (GENESIS 42:1-26)

HANDWERK/CRAFT VIR DIE DAG: OOP ARMS

Wat jy gaan benodig:

- 1 x Uitdeelstuk 3
- 1 x buisie bostik gom
- 1 x A4 papier

Maak bymekaar in die huis:

- Inkleurkryte of -potlode
- Skêr

Wat gaan ons maak?

1. Sny die strook (arms) en sirkel (gesig) op die uitdeelstuk uit.
2. Teken 'n gesiggie op die sirkel en kleur die arms in.
3. Trek nou jou hande af op die ander papier. Sny jou hande uit en kleur hulle ook in.
4. Plak nou die hande aan weerskante van die arms, en die kop in die middel van die arms.
5. Skryf op die arms die woorde '**Doen goeie goed vir mense.**'

Dag 5 speletjie: *SELFBEHEERSING*

Wat benodig julle?

Niks. Of dalk 'n selffoon om op YouTube videos te kyk.

Hoe werk dit?

Laat al die deelnemers saam sit. Vertel vir mekaar iets snaaks. Of kyk na 'n paar snaakse videos op YouTube saam. Die uitdaging is dat julle mag nie vir mekaar lag nie en jul lippe moet heeltyd oor julle tande getrek wees. Niemand mag nie jou tande sien nie. Anders verloor jy.

Selfbeheersing kan nogals moeilik wees! Maar dit is 'n waarde wat belangrik is om van kleins af te kan inoefen.

GR 4-6 Uitdeelstuk 3

